HUIS BRILL HOUSE

GREY COLLEGE BOARDING HOUSE FOR GRADE 9, 10 & 11 BOYS
GREY KOLLEGE KOSHUIS VIR GRAAD 9, 10 & 11 SEUNS

2024

"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."
Josua 24:15

Inhoud:

1.		**WELKOM**	3
	1.1	Aankoms	3
	1.2	Koshuispersoneel	3
2.		**DAAGLIKSE ROETINE**	3
	2.1	Maandag tot Vrydag	4
	2.2	Naweekskedule	5
	2.3	Kleredrag	5
3.		**TOESTEMMING / VERLOF**	6
	3.1	Boardwell	6
	3.2	Ekstraklasse	6
4.		**KAMERS**	7
	4.1	Kamerindeling	7
	4.2	Benodigdhede	7
	4.3	Wasgoed	8
5.		**ORIËNTERING**	9
	5.1	Beginsels	9
	5.2	Reëls t.o.v. oriëntering (inlywing)	10
6.		**KOSHUISREËLS**	11
	6.1	Algemeen	11
	6.2	Slaapkamers	12
7.		**DISSIPLINE**	12
	7.1	Skool se dissiplinêre kode as fondasie	12
	7.2	Koshuisreëls en sanksies	13
	7.3	Grey Kollege dwelm- en gevaarlike wapenbeleid	14
	7.4	*Google Family Link*	14
8.		**FINANSIES**	14
9.		**GESONDHEID EN VEILIGHEID**	14
	9.1	Mediese besonderhede	14
10.		**ALGEMENE NOODOPTREDE VIR KOSHUISINWONERS**	15

1. WELKOM

Welkom by Huis Brill, 2024. Dit is vir ons 'n voorreg om elke seun en ouer hier te ontvang. Ons hoop is dat u 'n geseënde jaar sal beleef en dat ons saam sal kan groei.

1.1 Aankoms

Verrigtinge: 16 Januarie 2024

- Ouers/Voogde bring hul seuns vanaf 08:00 na die hoofingang van Huis Brill waar hulle deur die huisvader, personeel, matrone en prefekte ontvang sal word.
- Die voorgeskrewe dokumente, waaronder die **mediese vorm** vir die koshuis (ongeag of u aan 'n fonds behoort of nie), asook die **bewys van betaling** van koshuisgelde word by tafels in ontvangs geneem. *(Maak asseblief seker dat alle vorms VOLLEDIG voltooi is, om sodoende tyd te bespaar).*
- Die mediese vorms van Huis Murray word oorgedra na Huis Brill**. Dit moet asseblief nagegaan en opdateer word.**
- Nadat alle administratiewe reëlings afgehandel is, kan ouers/voogde die seuns na hul kamers vergesel om hulle te help intrek.
- Kamerindelings word vooraf deur die huisvader gedoen. Geen beddens word vooraf vir enigiemand gereserveer nie en soos wat die seuns arriveer, kan elkeen vir hom 'n bed in sy toegedeelde kamer uitkies.
- Om 14:00 sal daar 'n ouervergadering op die gras voor die koshuis plaasvind. Alle ouers word vriendelik versoek om teenwoordig te wees.

1.2 Koshuispersoneel

HUISVADER	Mnr. Stefan (Putu) Pretorius	082 044 4045
ASSISTENT-HUISVADER	Mnr. Dixie Dykman	082 678 7688
MATRONE	Me. Marlize Snyman	060 511 4079 / 082 575 1697
INWONEND		
INWONEND	Mnr. Voughan Casling	079 868 3504
INWONEND	Mnr. Sechaba Matsoele	079 042 9955
INWONEND	Mnr. Adolf Swiegers	083 595 0320

2. DAAGLIKSE ROETINE

'n Gesonde daaglikse roetine lei tot verbeterde geestesgesondheid en meer tyd vir ontspanning.

2.1 Maandag tot Vrydag

TYD	AKSIE	VERANTWOORDELIKHEID
06:00	• Elektroniese opstaanklok lui • Elke seun moet dan opstaan • Tyd om te stort, netjies te maak en aan te trek	• Personeellid aan diens
06:30	• Handklok lui – seuns moet op hul bed sit • PERSOONLIKE STILTETYD • Alle beddens moet opgemaak en kamers netjies wees	• Prefekte • Huiskomitee • Personeellid aan diens
06:40	• Hanklok lui • STILTETYD verby • Seuns stap na Hamilton Eetsaal vir ontbyt	• Huiskomitee
06:45	• Ontbyt begin	
07:20 **07:25**	• Elektroniese klok lui • Seuns moet dadelik na die skool toe stap • Matrone sluit die deur van koshuis	• Matrone
07:30	• Skool begin	
13:45	• Skool eindig • Seuns beweeg na Hamilton Eetsaal vir middagete	
13:55	• Middagete begin	• Personeellid aan diens
14:30	• Na middagete is dit STILTETYD tot 15:15 • Gedurende eksamentyd, word stiltetyd vervang met STUDIE	• Huiskomitee
17:00	• Handklok lui • Tyd om te stort, netjies te maak en aan te trek • Seuns stap na Hamilton Eetsaal vir aandete	• Huiskomitee
17:45	• Aandete begin	• Personeellid
18:30	• 1ste Studie tot 19:30	• Prefekte • Personeellid aan diens
19:45	• 2de Studie tot 20:45	
21:00	• 3de Studie tot 21:30	
21:30	• Appèl • Matroneverslag • Lees Bybel en bid	
22:00	• STORTTYD verby • Maak gereed vir bed toe gaan	• Huiskomitee
22:05	• Handklok lui • PERSOONLIKE STILTETYD	• Huiskomitee
22:15	• LIGTE-UIT • Na ligte-uit, moet daar algehele stilte in koshuis wees	• Personeellid aan diens
22:20	• LAAT-STUDIE • Seuns wat laat wil studeer, moet die personeellid aan diens in kennis stel	

2.2 Naweekskedule

SATERDAG / SONDAG	
07:30	Opstaanklok
08:00	Ontbyt
12:15	Appèl
12:30	Middagete
17:15	Appèl
17:30	Aandete
21:00	Appèl
22:00	Ligte-uit

2.3 Kleredrag

Skooluniform met gryshemp	• Vir elke dag se skoolgaan • Skoolbaadjie – soos gereël deur die skool • Koshuis – ontbyt, middagete en aandete
Skooluniform met withemp en baadjie *(step outs)*	• Met alle formele geleenthede • Vir wanneer seuns die skoolgronde betree of verlaat met bv. uitnaweke, stadsverlof, ens.
Skoolsweetpak (vol)	• Seuns mag slegs hul skoolsweetpak skool toe aantrek met toestemming van die personeellid aan diens • Indien seuns die skoolgronde verlaat vir sportgeleenthede, mediese afsprake en goedgekeurde ekstraklasse • Sport • Aandete by koshuis
Skoolsweetpak met grys klokhemp	• Aandete by koshuis
Gewone klere *(civvies)*	• In die middae op skoolgronde • Tydens sportoefeninge • In die aande by koshuis

3. TOESTEMMING / VERLOF

3.1 Boardwell

- Alle aansoeke vir verlof word op die *Boardwell*-toepassing gedoen. Laai asb. hierdie toepassing so spoedig moontlik af om daarop te registreer.
- Indien ouers/voogde enige probleme met die aflaai of gebruik van die toepassing ondervind, kontak asb. die huisvader.
- Alle verlof is 'n voorreg en nie 'n reg nie! Goeie gedrag sal verseker dat dit benut kan word.
- Alle aansoeke om verlof moet die huisvader voor of op WOENSDAG om 19:00 bereik.
- Die matrone mag geen verlof goedkeur nie.

Naweekverlof

- 'n Seun mag die koshuis elke naweek verlaat. 'n Naweek begin direk na skool op 'n Vrydag en eindig op 'n Sondagaand om 21:00 of net voor skool op 'n Maandag.
- Verpligte uit-naweke of in-naweke sal deur die skool gekommunikeer word.
- Alle verlof word ALLEENLIK deur die huisvader toegestaan op die Woensdag voor die betrokke naweek.
- Ouers/voogde word versoek om besonderhede te verskaf van u seun se verblyf, asook die volwasse persoon verantwoordelik. Die verlof kan nie toegestaan word sonder volledige besonderhede nie.

Stadsverlof / Dag-uit / Afsprake

- Daar word van ouers/voogde verwag om die *Boardwell*-toepassing te gebruik vir alle gevalle wanneer u seun die skoolgronde moet verlaat – spesifiek as u seun nie 'n aand uitslaap nie.
- Dit gebeur egter dat daar op kort kennisgewing opgetree moet word en in so 'n geval mag die personeellid aan diens wel toestemming gee.
- Voorbeelde van gevalle is as volg:

Dag-uit (oor 'n naweek)	Saterdag / Sondag (07:15 – 21:00)	Verlof op Boardwell
Stadsverlof (weeksmiddag)	Maandag – Vrydag (14:15 – 17:00)	Verlof by personeellid
Quickshop	Maandag – Vrydag (14:15 – 17:00)	Verlof by personeellid
Stadsverlof (oor 'n naweek)	Saterdag / Sondag (18:00 – 23:00)	Verlof by huisvader
Ekstraklasse (weeksmiddag)	Maandag – Donderdag (voor 20:00)	Verlof by skool
Mediese afsprake	Soos nodig	Matrone sal vergesel

- Ouers/Voogde word ook versoek om, wanneer u 'n mediese afspraak vir u seun gemaak het, die matrone MINSTENS 'N DAG VOOR DIE TYD hiervan in kennis sal stel.
- Alternatiewelik kan ouers toestemming vra deur 'n e-pos na brill@gc.co.za te stuur.

3.2 Ekstraklasse

- Seuns moet amptelike verlof by die skool verkry, indien hulle ekstra akademiese klasse buite die skoolterrein wil bywoon.
- Grey Kollege se ontvangsdame reik 'n vorm uit wat die besonderhede (dag, tyd, plek, volwassene verantwoordelik) van elke les vereis.
- Die vorm word deur die opvoeder, asook die huisvader onderteken.
- Seuns bly in besit van hierdie vorm, om sodoende toegang by sekuriteitspersoneel te verkry.

4. KAMERS

4.1 Kamerindeling

- Die plasing van seuns in Huis Brill word deur die huisvader hanteer en geskied volgens sy oordeel.
- Veranderinge mag slegs met die huisvader se toestemming plaasvind en sal eers vanaf die tweede kwartaal toegelaat word.
- Indien daar 'n wesenlike probleem in 'n kamer ontstaan, kan die huisvader na sy goeddunke, gedurende die eerste kwartaal sekere skuiwe maak.
- Ons vra asseblief ouers / voogde se samewerking in hierdie verband. Moedig asb. u seun aan om nuwe maats te maak, 'n positiewe ingesteldheid te hê en ontvanklik te wees daarvoor om nuwe seuns te leer ken.

4.2 Benodigdhede *(DUIDELIK GEMERK, ASB!)*

(Meeste skoolklere is by Kloppers beskikbaar.)

KLERE:	ANDER:	
2 x 'navy' PT-broeke	**Badkamersakkie**	**'Tuck box'**
1 x Grey 'speedo'	Haarborsel / Kam	Nie verpligtend nie, maar indien u dit nodig
1 x Grey sportsak	Sjampoe	vind om een te koop, versoek ons dat dit
1 x skooltas	'Showergel'	asb. aan die volgende VERPLIGTE
1 x swart 'belt'	'Deodorant'	spesifikasies sal voldoen: **660 x 340 x 260**
2 x skooldasse	Aanrol-'deodorant'	*(Kloppers)*
1 x wit Grey skooltrui	Tandeborsel	
1 x grys Grey skooltrui	Tandepasta	Plak asb. ook 'n stukkie mat of iets
1 x Grey kleurbaadjie	Mondspoelmiddel	soortgelyks aan die onderkant van die 'tuck
3 x grys langbroeke	Skeermes en laaier	box' om sodoende te verhoed dat die vloere
3 x wit langmouhemde	Naelknipper	beskadig word.
5 x grys langmouhemde	Lyfroom	
1 paar swart skoolskoene	Sonskerm	
7 x pare grys sokkies		
5 x pare wit sportsokkies		
4 x Grey klokhemde		
1 x Grey sweetpaktop		
2 x Grey sweetpakbroeke		
		Beddegoed
Sporttoerusting en –klere	Bybel	2 x kussing *(na voorkeur)*
(soos voorgeskryf)		4 x kussingslope
	Klerehangers	
Gewone klere		1 x enkelbed matrasoortreksel *(verpligtend)*
(seuns dra wel gereeld hul Grey sweetpakke)	2 x kombinasieslotte	
		2 x enkelbed paslakens
	EIE toiletpapier	1 x driekwart 'duvet inner'
Gewone swemklere		2 x driekwart 'duvet' oortreksels
1 x swemhanddoek	2 x wasgoedsakke	1 x kombers
2 x storthanddoeke	*(navrae – wassery)*	
2 x stelle slaapklere		
Genoeg onderklere		
Skoene		
Tekkies		
Plakkies		
Gewone sokkies		

MEDIESE BENODIGDHEDE:

Wat die medisynetassie of -houer betref, stel ons voor dat u u eie diskresie gebruik. Afgesien van u seun se kroniese medikasie, beveel ons aan dat u ook die volgende voorkomende medikasie (of soortgelyk) insluit.

Immuniteit-aanvulling	:	Vita-Thion en Berocca
Pyn en koors	:	Panado / Mypaid Forte
Allergieë	:	Celestemine / Allercet *(nie-lomerig)*
Sinus	:	Sinumax / Advil / ACC200 / Mucospect / Illiadin Neussproei
Naarheid	:	Valoid / Motilium
Diarree	:	Smecta / Tasectan / GEEN Immodiums
Buikspasmas	:	Scopex / Buscopan
Seerkeel	:	Strepsils / Anodolex C
Spiere	:	Voltaren Gel / Transact / Rehydrate
Antibiotiese salf	:	Bactroban / Germolene
Skoonmaak van wonde	:	Saline / Wondontsmettingsmiddel / Mercurochrome / 1 x gaas 10 x 10cm / 1 x verbande / 2 x boksies verskillende grootte pleisters

*'n Volledige medikasietas is beskikbaar by **MediBloem Apteek**. Hulle doen gereeld aflewerings direk by die koshuise. Kontak gerus vir André du Toit by **051 – 444 2311** vir enige reëlings.*

4.3 Wasgoed

- Wasgoed word privaat hanteer. Huis Brill hanteer geen navrae in hierdie verband nie.
- Daar is ongelukkig geen beskikbare fasiliteite binne die koshuis vir die seuns om self wasgoed te was en/of te skryk nie.
- Die koshuispersoneel tref ook geen ander reëlings ten opsigte van wasgoed nie.

NAAM	PERSOON	KONTAKBESONDERHEDE	OPLAAI / AFLAAI
Clean Queen Wassery	Sanet van Es Johan van Es	082 832 5832 sanetvanes@gmail.com	Maandag – Donderdag
Laundry Basket	Marié Coetzee	083 277 5613 laundrybasket.bfn@gmail.com	Maandag – Donderdag
Carma Wassery		083 357 3521	Maandag – Donderdag
Sipress Wassery	Zi-Mari Shaw	072 826 0575 sipress.was@gmail.com	Maandag – Donderdag
Clean-eeze Laundry	Bianca	065 239 5603	Gratis 1 x per week
The Laundry Studio	Renier	082 517 3373 laundrystudio1bfn@gmail.com	Maandag – Donderdag

5. ORIËNTERING

5.1 Beginsels

Die volgende beginsels sal van toepassing wees volgens die 2019 riglyne, soos aanvaar deur die koshuiskomitee:

- "Al die koshuise is onderworpe aan 'n indringende proses van selfondersoek en evaluering van bestaande koshuistradisies en koshuiskultuur."
- Elke huisvader, saam met sy personeel, word hieraan onderwerp. Hulle moet bepaal wat hulle wil behou, wat hulle nie wil behou nie, asook dit wat oor 'n tydperk uitfaseer moet word. Dit sal goed wees indien hulle ook die koshuisleerders kan betrek, sodat die inkoop en aanvaarding van verandering 'sagter' sal wees.

Wetlike aspekte

- **Regte:** Demokratiese waardes van vryheid, gelykheid en menswaardigheid moet gerespekteer en bevorder word. Niemand mag behandel word vanuit 'n oogpunt van magsuitoefening nie.

- **Gelykheid:** Almal is gelyk voor die reg en onbillike diskriminasie kan nie geduld word nie. Almal het die reg op gelyke beskerming en die volgende kan in ag geneem word:
  - ✓ Ras
  - ✓ Geslag
  - ✓ Etniese oorsprong
  - ✓ Kleur
  - ✓ Seksuele oriëntasie
  - ✓ Kultuur
  - ✓ Ouderdom
  - ✓ Taal
  - ✓ Geloof
  - ✓ Gestremdheid

- **Menswaardighe*id*** moet gerespekteer en beskerm word.

- **Vryheid en sekerheid:** Niemand mag aan enige vorm van geweld onderwerp word nie. Geen geskreeu indien dit op 'n gemene, afbrekende en onmenslike manier geskied nie.

- **Slawerny, knegskap en dwangarbeid:** Niemand mag hieraan onderwerp word nie.

- **Privaatheid:** Geen deursoeking, beslaglegging op persoonlike besittings, vrye toegang tot kamers en die verbod op kommunikasie met ouers/voogde mag toegelaat word nie.

- **Vryheid van godsdiens, oortuigings en mening:** Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening. Godsdiensgeleenthede en koshuisaksies kan op 'n vrywillige basis bygewoon word.

- **Taal en kultuur:** Niemand mag verbied word om in sy taal te kommunikeer nie en ook nie verbied/verplig word om aan kulturele aktiwiteite deel te neem nie.

- Gepaardgaande hiermee, moet 'n verwelkomingsprogram opgestel word. Spesifieke 'aksies' moet aangestip word.

Die volgende riglyne kan gebruik word:	Riglyne van aksies en aktiwiteite wat ten sterkste verbied word:
• Dit moet positief, verrykend en opbouend wees; • Eienaarskap moet bevorder word – doelwitte vir die groep van nuwelinge sal gestel word; • Effektiewe kommunikasie; • Waardes soos menswaardigheid, persoonlike groei, deelname en trots moet in ag geneem word; • Persoonlike aandag en opregte belangstelling; • Almal word deurlopend oor dieselfde kam geskeer; • Erkenning – groep/individueel; • Wen van vertroue en respek; • Voorbeeld van seniors; • Reg tot vrye assosiasie – geen dwangarbeid.	• Fisieke kontak – sweetsessies, geforseerde agteruitlopery, ens.; • Persoonlike diens aan seniors; • Om slope/sakke oor nuwelinge se koppe te trek; • Ingee/toedien van enige middel, insluitende water; • Aansmeer van enige middel aan liggame; • Weerhouding van voedsel; • Om fisiese voorkoms te verander; • Versteuring van nagrus tussen 23:00 en 06:00; • Bespotlike kleredrag te laat aantrek; • Beledigende opmerkings maak en geskree; • Ontneming van voorregte waarop enige persoon, onder normale omstandighede, geregtig op is; • Aflê van 'n eed van geheimhouding m.b.t. verwelkoming.

5.2 Reëls t.o.v. oriëntering (inlywing)

- Oriëntering (inlywing) vind plaas aan die begin van elke skooljaar tot en met die dag van die 'nuwelingkonsert' – gewoonlik die eerste Dinsdag na die skool begin het.
- Die oorheersende gedagte is dat senior seuns as mentors vir die nuwelinge moet optree en om hulle touwys te maak met die tradisies by Grey.
- Geen fisiese ontgroening (soos hardloop) word toegelaat nie, insluitende om mekaar met water nat te gooi nie.
- Geen nuweling mag verskreeu word nie.
- Geen klere mag bemors of verniel word nie.
- Nuwelinge oefen soggens van 05:00 skoolliedjies op die Windmeul-velde en is weer om 06:00 terug in die koshuis met opstaantyd.
- Nuwelinge mag nie die sitkamers gebruik nie.
- Nuwelinge mag nie die hooftrappe gebruik nie.
- Nuwelinge mag nie die skoolgronde verlaat vir redes soos rekreasie-doeleindes nie.
- Sondae vind geen oriënterings-aktiwiteite plaas nie.

Nuwelinge mag die volgende dienste aan die senior seuns verrig:

- Opmaak van beddens;
- Skoonmaak van skoene (skoenpolitoer moet deur seniors voorsien word);
- Uitvee van kamers;
- Regpak van kamers en kaste;
- Maak van koffie, tee, ens. (moet deur seniors voorsien word);
- Stuur na Tuckshop;
- Was van skottelgoed.

Oranje Meisieskool se sokkie

- Geen mengsels van enige aard, mag vir nuwelinge gegee word om te drink nie.
- Die eet van knoffel of die mors van knoffel, eiers, stroop, ens. op klere word ten strengste verbied.
- Nuwelinge neem uit eie keuse deel aan die oriënteringsprogram.
- Daar sal ten alle tye volwasse toesig wees.

6. KOSHUISREËLS

6.1 Algemeen

- Dit word van elke Huis Brill-inwoner verwag om hierdie reëls te ken en te gehoorsaam.
- Die inwonende personeel sal die reëls van tyd tot tyd hersien. Die hoogste gesag berus deurlopend by die skoolhoof en koshuispersoneel.
- Waar twyfel ontstaan t.o.v. die toepassing van hierdie reëls, moet koshuisgangers die personeel spreek, asook in gevalle waarvoor die reëls miskien nie voorsiening maak nie.
- Alle probleme moet met die inwonende personeel of die skoolhoof bespreek word. Niemand mag hulle ouers onnodig met hul (koshuis)probleme belas, alvorens dit nie met die personeel bespreek is nie.
- Niemand skakel sy ouers/voogde, voordat hy nie eers die huisvader of skoolhoof oor die probleem gespreek het nie.
- Raadpleeg altyd eers die personeellid aan diens. As hy/sy nie beskikbaar is nie, mag ander personeellede genader word.
- Die bywoning van eredienste van elke seun in sy eie kerkverband is verpligtend op ‘n Sondagoggend. Spesiale verlof van die personeellid aan diens kan verkry word om ‘n aanddiens by te woon.
- Die gebruik van sigarette, e-sigarette *(vapes)*, *hubbly bubblies* en alkohol (drank) is streng verbode.
- Geen elektriese apparate mag in die koshuis gebruik word nie, behalwe selfoonlaaiers, radio’s en CD/MP 3 of 4-spelers. (Prefekte kan, met die nodige toestemming van die huisvader, wel elektrisiteit in hul kamers gebruik.) *Laptops* word alleenlik toegelaat vir skooltake en skoolverwante opdragte – geen speletjies *(games)* mag gespeel word of enige foto’s / flieks / DVD’s gekyk word nie. In hierdie geval sal die *laptop* gekonfiskeer word tot die aan einde van die betrokke kwartaal.
- Indien eiendom van seuns wegraak, moet hulle dit dadelik aan die onderwyser aan diens rapporteer. Eiendom moet altyd gemerk wees.
- Geen spelery word op die stoepe of in die binnehof van die koshuis toegelaat nie en hoegenaamd geen spelery binne die gebou nie.
- Geen beddegoed, beddens of kaste mag verniel word nie.
- Geen hardlopery in die gange nie.
- Tydens die gebruik van toilette en badkamers, moet seuns sorg dat dit altyd netjies en skoon is. Laat die plek in dieselfde toestand as wat jy dit graag sou wou vind en respekteer mekaar se privaatheid, veral in die badkamers.
- Radio’s, CD/MP-spelers, PSP’s en selfone mag nie gedurende stiltetyd, studietyd of na ligte-uit gebruik word nie. Die gebruik van *laptops* tydens studietyd, mag alleenlik met toestemming van die onderwyser aan diens geskied.
- Niemand word toegelaat om die TV te gebruik sonder die toestemming van die onderwyser aan diens nie.
- Geen geraas of uitspattigheid sal binne of naby die koshuis geduld word nie.
- Vensters in die koshuis moet nie onnodig oopgelaat word nie en ook geen deure in die koshuis mag toegeklap word nie.
- Niemand mag gedurende pouses of skoolure in die koshuis wees nie.

- Siektes/ongesteldhede moet soggens voor 06:30 by die matrone aangemeld word. Enige leerder met enige besering of siekte of wat selfs net sleg voel (enige tyd van die dag/nag), moet dadelik by matrone aanmeld.
- Indien iemand gedurende skoolure siek word, moet die volgende proses gevolg word:
  - ✓ Eerstens moet die seun ‘n **siekbriefie** by die skoolkantoor afhaal;
  - ✓ Met hierdie siekbriefie moet hy dan by die **huisvader** of **personeellid** aan diens aanmeld;
  - ✓ Die huisvader sal dan ‘n ander toestemmingsbriefie, vir die **matrone** se aandag, uitreik;

- ✓ Die siekbriefie van die skoolkantoor word dan aan die klaskaptein oorhandig, sodat die registeronderwyser ook in kennis gestel kan word;
- ✓ Met die toestemmingsbriefie vanaf die huisvader/personeellid aan diens, gaan die siek seun dan reguit na matrone toe. Doktersafsprake sal deur die matrone gereël word, indien nodig.

6.2 Slaapkamers

- Kamers moet teen 06:30 netjies en gereed wees vir inspeksie.
- Kaste moet altyd netjies en gereed wees vir inspeksie.
- Kaste moet altyd gesluit wees, wanneer seuns nie in die kamers is nie. Merk alle persoonlike artikels duidelik. Die skool/koshuis kan nie verantwoordelik gehou word vir artikels wat breek, beskadig of gesteel word nie.
- Kombinasieslotte is NOODSAAKLIK, asseblief.
- Geen seun mag sonder toestemming in 'n ander seun se kamer ingaan nie.
- Enige persoon wat homself skuldig maak aan diefstal van enige iets wat nie aan hom behoort nie, bv. selfone of geld, se ouers (en polisie, indien nodig) sal onmiddellik deur die skoolhoof gekontak word om sodanige oortreding summier te straf. GEEN diefstal sal geduld word nie.
- Die wegsteek van ander se artikels (bv. selfone, geld, boeksakke, ens.), sal as 'poging tot diefstal' beskou word. Moenie iets vat wat nie aan jou behoort nie.
- Geen vrugte of ander eetgoed wat die vloere kan bemors, mag in die kamer geëet word nie.
- Seuns is verantwoordelik vir die netheid van hul kamers.
- Niks mag op die vloer of bo-op die kaste rondlê nie. Alle papiere, skille, ens. moet in die blik, wat in elke kamer voorsien word, gegooi word. Elke kamer het sy eie besem en skoppie om die vloere mee skoon te vee.
- Eiendom wat in die kamers of studiesaal rondlê, sal geskut word.
- Breekskade moet dadelik by die huisvader en matrone gerapporteer word.
- Daar mag met GEEN balle in die koshuis gespeel word nie, insluitende die gooi van balle teen enige muur, binne of buite die gebou.
- Beddens is daar vir koshuisgangers om op te rus of te slaap – daar word nie op beddens gespring nie. Respekteer die skool se eiendom.
- Seuns word nie toegelaat om ooit ander seuns te boelie, slaan of teister nie. GEEN ander onbehoorlike optrede en/of aktiwiteite, wat teen die landswet of skoolreëls is, mag teenoor ander seuns gepleeg word nie.
- Enige gedrukte en/of digitale materiaal (bv. selfone) in 'n seun se besit, moet van so aard wees dat dit by die skoolreëls hou en 'n personeellid dit nie hoef te konfiskeer nie. GEEN pornografiese materiaal van enige aard word geduld nie.
- GEEN persoon van buite die koshuis, word in die koshuis toegelaat nie.

7. DISSIPLINE

7.1 Skool se dissiplinêre kode as fondasie

Grey Kollege se gedragskode dien as die basis van alle koshuisreëls. Die koshuisreëls is 'n uitbreiding van die skoolreëls.

Volg gerus die volgende skakel: https://greycollegesecondary.com/discipline/

7.2 Koshuisreëls en sanksies

OORTREDING: KATEGORIE 1		SANKSIES
1.1	• Ligte aan na ligte-uit • Musiek te hard in kamers • Skoene vuil by ontbyt • Nie geskeer by ontbyt • Speel en lawaai in gange • Kamerdeur toe tydens studie • Rondloop na ligte-uit • Gesels tydens studie • Vloek/swak taalgebruik • Nie op plek tydens studie • Balspeel in koshuis • Laat opstaan • Laat vir studie • Gebruik selfoon tydens studie • Selfoon nie in kas tydens studie • Appèl mis sonder toestemming	**Selfoon word gekonfiskeer vir 48 uur**
1.2	• Kamer slordig • Etes mis sonder toestemming • Verkeerde kleredrag met etes by koshuis • Nie uitgeteken nie	**1 x Gemeenskapsdiens**
1.3	• Gebruik van selfoon tydens studietyd of selfs net aangeskakel, sonder toestemming van die personeellid aan diens • Handig 'n verkeerde selfoon in	**Selfoon word gekonfiskeer vir 96 uur**
1.4	• Onwettige gebruik van elektroniese toerusting	**R50 boete + item word gekonfiskeer tot aan die einde van die betrokke kwartaal**
1.5	• Sonder toestemming in 'n ander koshuis wees • Stadseuns/vriende in koshuis toelaat	**2 x Naweke inbly**
1.6	• Misbruik van voertuig op koshuis- en skoolterrein	**Verbeur voertuigsleutels en die gebruik daarvan vir 2 weke**
OORTREDING: KATEGORIE 2		**SANKSIES**
2.1	• Disrespek en/of die uitdaag van gesagsfigure	**2 x Naweke inbly** **2 x Kortgang**
2.2	• Drink / in die besit / onder die invloed van alkohol wees in die koshuis of op enige deel van die skoolterrein, terwyl onder die jurisdiksie van die koshuis. *(Sien Grey Gedragskode)*	**Word ondersoek en indien seun skuldig bevind word, die verbeuring van die reg op verblyf in koshuise en/of strafregtelike vervolging.**
2.3	• Boeliery – fisies, verbaal en kuberafknouery *(Sien Grey Gedragskode)*	**3 x Naweke inbly** **4 x Detensiesessies**
2.4	• Bakleiery / Intimidasie / Opsetlike besering van ander *(Sien Grey Gedragskode)*	**1 x Naweek inbly** **3 x Gemeenskapsdiens**
2.5	• Sonder toestemming buite die koshuis wees ('uitslip'), maar steeds op die skoolterrein bly	**1 x Naweek inbly** **4 x Kortgang**
2.6	• Sonder toestemming buite die koshuis wees ('uitslip'), en wel die skoolterrein verlaat	**1 x Naweek inbly** **4 x Kortgang**
2.7	• Vandalisme in koshuise of op enige ander plek op die skoolterrein	**Betaal vir die herstel van skade** **4 x Kortgang**
2.8	• Diefstal of ongemagtigde leen van enige items van ander koshuisinwoners	**Word ondersoek en indien seun skuldig bevind word, die verbeuring van die reg op verblyf in koshuise en/of strafregtelike vervolging.**
2.9	• In besit wees en/of gebruik van gevaarlike wapens/vuurwapens	**1 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.10	• In besit wees van onsedelike materiaal, pornografie op selfoon, ens.	**2 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.11	• Oriëntering / Inlywing	**3 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.12	• Enige tabakprodukte, *hubbly bubblies* en e-sigarette *(vapes)* in die koshuis of enige ander area van die skoolterrein – besit, saambring, aflewer of rook, terwyl seun nog onder die koshuis se jurisdiksie is	**3 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**

7.3 Grey Kollege dwelm- en gevaarlike wapenbeleid

Volg gerus die volgende skakel t.o.v. die gebruik van dwelms. https://greycollegesecondary.com/drugs-dangerous-weapons-protocol-procedure/

7.4 'Google Family Link'

- Van die koshuis se kant af wil ons graag u aandag vestig op die *Family Link*-toepassing wat u van enige *App Store* kan aflaai.
- Dit stel u in staat om uself met die digitale reëls te vereenselwig en te help om u seun sodoende te monitor met wanneer hy die internet besoek, asook met die tyd wat hy op sy selfoon spandeer.
- Dit sal u seun dan lei om 'n gesonde balans te handhaaf ten opsigte van die gebruik van sy selfoon.
- *Family Link* gee u toegang tot die volgende:
  - ✓ Tyd op foon spandeer;
  - ✓ Ligging van foon;
  - ✓ Toegang tot webtuistes;
  - ✓ Blok van foon tydens studietyd of na ligte-uit.

8. FINANSIES *(Sien aangeheg)*

9. GESONDHEID EN VEILIGHEID

9.1 Mediese besonderhede

- Sonder enige uitsondering vereis hospitale, dokters, tandartse en ander mediese diensverskaffers die volgende besonderhede van 'n pasiënt tydens die eerste besoek:
  - ✓ Inligting soortgelyk aan dit wat in die koshuis se mediese vorm benodig word;
  - ✓ Gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van hooflid van die mediese fonds (of van die persoon verantwoordelik vir betaling);
  - ✓ Oorspronklike lidmaatskapkaart of gewaarmerkte afskrif van albei kante van die mediese fondskaart.
- Verder versoek ons u om ook die volgende beskikbaar te stel:

VIR DIE KOSHUIS:	VIR DIE LÊER IN U SEUN SE KLEREKAS:
• Voltooide KOSHUIS MEDIESE VORM ***(NB! Dui asb. alle allergieë aan!)***	• Afskrif van die KOSHUIS MEDIESE VORM ***(opgedateer)***
• Foto-ID van u seun op die voorblad	• Oorspronklike MEDIESE FONDSKAART of afskrif van albei kante van die mediese fondskaart ***(nie ouer as 3 maande)***
• Voltooide VRYWARINGSVORM VIR VERVOER VAN SKOLIER *(aangeheg)*	• 4 x gesertifiseerde afskrifte van u seun se GEBOORTESERTIFIKAAT ***(nie ouer as 3 maande)***
• Ekstra ID-foto's van u seun vir sport	• Lys van seun se SELFMEDIKASIE, met duidelike gebruiksaanwysings
• 3 x afskrifte van MEDIESE FONDSKAART	• Lys van **KRONIESE MEDIKASIE** vir u seun, met **duidelike gebruiksaanwysings**
• 3 x gesertifiseerde afskrifte van u seun se GEBOORTESERTIFIKAAT ***(nie ouer as 3 maande)***	
• 3 x gesertifiseerde ID-afskrifte van **HOOFLID** of van die **PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING** ***(nie ouer as 3 maande nie)***	

https://greycollegesecondary.com/hostels/

10. ALGEMENE NOODOPTREDE VIR KOSHUISINWONERS

BEHEERPERSONE

Gedurende enige noodsituasie, sal die volgende persone alleen in beheer wees en opdragte mag slegs deur hulle gegee word:

Sekuriteitsbeampte: Huisvader

- Die sekuriteitsbeampte is altyd in beheer van die noodsituasie en moet ten alle tye by die beheerpunt wees, vanwaar hy die nodige instruksies sal gee.

Blokleiers: Onderwysers en prefekte

- In elke blok sal 'n blokleier in bevel wees. Hy moet bevel oorneem van die onmiddellike situasie en die nodige inligting aan die sekuriteitsbeampte voorsien.

Makkerhulp: Drie leerlinge in elke blok

- Hierdie is spesiaal opgeleide senior leerlinge wat basiese noodhulp- en brandbestrydingsmaatreëls ken en gereeld oefen. Hulle kan ook, indien nodig, as sekuriteitspanne dien.

Versamelpunt-kontrole: Een persoon van elke blok, asook die matrone

- Hierdie persone moet seker maak dat alle koshuisgangers daar is en moet direk aan die sekuriteitsbeampte verslag doen. Die matrone sal in beheer wees van mediese hulp, indien nodig.

Kommunikasiebodes: Aangewys deur die blokleiers

- Hierdie persone sal verantwoordelik wees vir kommunikasie.

VIND ASB. DIE VOLGENDE DOKUMENTE IS AANGEHEG:

- *FINANSIES*
- *KOSHUIS MEDIESE VORM*
- *TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSVORM VIR VERVOER*
- *KOSTELYS VIR BREEKSKADE*